Notule van Ledevergadering gehou te Impala Klubhuis
Minutes of Members meeting held at the Impala Club House
On/op **5 Februarie 2019 om 18:00**

PIETERSBURG PIETERSBURG

## 1. STAANDE PUNTE VIR BESPREKING / STANDING ISSUES FOR DISCUSSION

| No | Besprekingspunt / Point for Discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| **1.1** | Opening en verwelkoming / Opening and welcoming<br>Voorsitter verwelkom almal tenwoordig by die eerste vergadering van 2019. Hy wens almal n voorspoedige en geseende 2019 toe. | Voorsitter |
| **1.2** | Voorlees van Doelstellings<br>Word nie meer gedoen nie. Lede word daaraan herinner dat hierdie inligting op ons webblad verskyn. | |
| **1.3** | Verskonings / Apologies<br>Soos deurgegee aan Debbie | Almal |
| **1.4** | Presensielys / Attendance List<br>Sirkuleer. | Almal |
| **1.5** | Mosies / Motions<br>1.5.1 Geen | Almal |
| **1.6** | Korrespondensie / Correspondence<br>1.6.1 Oorinstituut brief [sien einde van notule] | |
| **1.7** | Notule van vorige vergadering / Minutes of previous meeting<br>1.7.1 Notule 6 November 2018 / Minutes 6 November 2018<br>1.7.2 Regstellings: vorige notule / Corrections: previous minutes<br>Daar word van lede verwag om enige korreksies per e-pos aan die Voorsitter deur te gee aangesien die notule nie voorgehou en gelees gaan word tydens maand vergaderings nie.<br>1.7.3 Voorstel vir goedkeuring / Proposed for approval<br>1.7.4 Gesekondeer / Seconded | |

| | | |
|---|---|---|
| **1.8** | Vasstelling van die sakelys – nuwe sake vir bespreking<br>1.8.1 Vuurwapen lisensie hernuwings<br>Staande items tydens vergaderings. Lede word weereens daaraan herinner dat dit hulle veratwoordelikheid is om binne die wetlike bepalings te bly wanneer dit kom by die hernuwing van vuurwapenlisensies.<br><br>1.8.2 Vuurwapen bevoegdheid hernuwings<br>Selfde beginsel geld as in 1.8.1.<br><br>1.8.3 Voorseisoen skiet 9 Februarie 2019<br>Word deur BJV Pietersburg aangebied. Baie dankie aan Andre Jonker en Johan Kapp wat hierdie reuse taak aangepak het. Ons lede word aangemoedig om daar te gaan deelneem.<br><br>1.8.4 Skiet kalender 2019<br>Die gaan op ons webblad geplaas word. Ons beweeg geheel en al papierloos en sal in die toekoms baie sterk daarop fokus om ons besigheid elektronies te bedryf.<br><br>1.8.5 Toegewyde sportskiet status<br>Baie belangstelling hierin ons sal inligting deurgee ivm die eerste kursus sodra ons dit uitgesorteer het. | |
| **1.9** | Sake voortspruitend / Matters arising<br>1.9.1 Skietbaan<br>Daar is tans probleme met die hoofhek. Billy hulle maak die restaurant hek oop deur die dag. Meld asb by die kantoor aan wanneer jy gaan skiet.<br>Debbie het al die inligting deurgegee, maar ons verwys weer daarna tydens hierdie vergadering: baan gelde vir die jaar is opgestoot na R300, en die bedrag per persoon na R60-00.<br><br>1.9.2 Prysuitdeling 23 November 2018<br>Heerlike informele kuier aand. Weereens baie geluk aan ons pryswenners. Baie dankie ook aan al ons lede wat die funksie bygewoon het en lekker saamgekuier het.<br><br>1.9.2 Nuwe lede – Goedkeurings<br>Geen ontvang | |

| | | |
|---|---|---|
| **1.10** | Opleidingsverslag / Training report<br>Geen verslae is ontvang nie. Lede word daaraan herinner dat die datum(s) vir al die opleidings sessies in die 2019 kalender aangeteken is. Dit bly die verantwoordelikheid van belangstellendes om Debbie te laat weet waarin hulle belangstel.<br>1.10.1 Chasa kursus<br>1.10.2 Junior Opleiding<br>1.10.3 Baan beampte opleiding | Stan |
| **1.11** | Toegewyde jagters / Dedicated hunters<br>1.11.1 Algemeen<br>Ons lede word weereens herinner dat hulle moet seker maak dat hulle aktiwiteite op datum is. Van die tak se kant af probeer ons om hulle tegemoet te kom deur die minimum amptelike skietdae aan te bied. Daar is baie goeie samewerking tussen die takke en dit word voorgestel dat indien hulle nie al ons CHASA skietdae kan bybring nie, dat hulle opmaak deur by van die ander takke dit te skiet.<br><br>1.11.2 Nuwe goedkeurings<br>Geen ontvang | |
| **1.12** | Finansiële verslag / Financial report<br>Staan oor. | Tesourier / Treasurer |
| **1.13** | Sosiaal<br>1.13.1 Algemeen<br>Lede word uitgenooi om na die vergadering saam te kom eet. Oudergewoonte dra die tak R40/persoon by tot die eet uitgawes. | Sosiaal |

| | | |
|---|---|---|
| **1.14** | Skietdae<br>1.14.1 Skietdag 24 November 2018<br>Terugvoer wat ek ontvang het, is dat daar meer spanne ingeskryf het as wat verwag was. Die bane was baie goed opgestel en baie lof is gegee aan die manier waarop die dag hanteer is. Baie dankie aan ons tak spanne wat deelgeneem het en natuurlik die trofee huis toegebring het. Ook n woord van dank aan Andre Jonker en sy span vir die toewyding en harde werk om die dag moontlik te maak.<br><br>1.14.2 Skietdag 19 Januarie 2019<br>Baie dankie aan Riaan Meiring en sy span wat die dag hanteer het. Daar was 25 skuts wat aan die skietdag deelgeneem het. Ek het baie goeie terugvoer gekry en dit was duidelik dat die deelnemers hulself gate uit geniet het.<br><br>1.14.3.Skietdag 16 Februarie 2019<br>Tydens hierdie skietdag word daar 4 platforms gedek. Randslag CHASA sportskiet, big bore, senterslag en haelgeweer. Dit is n middag skiet en sal vanaf 13:00 tot 17:00 wees. Inskrywings is vanaf 12:00. Baan opstel is vanaf 10:00.<br><br>Hierdie is dan ook n sportskiet induksie vir die baan offisiere. Johan Kapp gaan ons bystaan met die senterslag sportskiet: opstel van die baan asook die run van die divisie. Slegs baan offisiere wat hierdie induksie bywoon sal in 2019 gebruik word om CHASA sportskiet bane te beman. | |

## 2. NUWE PUNTE VIR BESPREKING / NEW ISSUES FOR DISCUSSION

| No | Besprekingspunt / Point for Discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| 2.1 | | |
| 2.2 | | |
| 2.3 | | |

## 3. ALGEMEEN / GENERAL

| No | Besprekingspunt / Point for Discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| 3.1 | | |
| 3.2 | | |
| 3.3 | | |
| 3.4 | | |

## 4. Volgende vergadering.
**Next meeting.**

AJV – 05 Maart 2019 om 18:00 by die klubhuis.

## 5. Afsluiting/Closing

**From:** Polokwane [mailto:Polokwane@earinstitute.co.za]
**Sent:** 10 January 2019 09:36 AM
**To:** pietersburg@bosveldjagters.co.za
**Subject:** Oorinstituut Polokwane GEHOORBESKERMING

Beste Mnr Lourens Erasmus

Ons by die Oorinstituut wens u en u lede 'n voorspoedige 2019 toe.

Vir 2019 beplan ons 'n opwindende program rondom gehoorbeskerming.

Daar is verskeie gehoorbeskerming met uistekende en opwindende nuwe tegnologie wat spesifieke behoeftes kan aanspreek.

Ons wil graag 'n uitstalling beplan met die nuutste tegnologie beskikbaar op die mark:

Moontlike by 'n skietkompetiesie dag?

2. Gratis gehoorsiftingstoetse en voorlegging by jaarvergaderings waar lede teenwoordig is.

Indien u belangstel wil ons graag datums en tye vasstel.

Indien enige ander vrae kontak my gerus by onderstaande besonderhede.

Vriendelike Groete

Corine

**Corine van der Merwe** | Hearing Aid Acoustition

A van der Merwe Inc. Group Practice No. 5002508

EAR INSTITUTE – POLOKWANE
60 Compensatie street

**Tel:** (015) 291-5989 | **Fax:** (015) 291-4181 | **Email:** polokwane@earinstitute.co.za
www.earinstitute.co.za